Jy kan nie aanmekaar werk vandat jy 18 of in jou 20s is tot die dag dat jy sterf nie.
Jy moet al aan aftrede en hoe jy in daardie stadium van jou lewe gaan oorleef, dink die eerste dag dat jy werk.
Van die eerste dag dat jy werk, raak die tyd om te begin beplan vir jou aftrede minder. Aftrede is nie die einde van die pad nie. Dit is die eerste tree na ’n nuwe more.
Maar hoe nader dit is aan die tyd dat jy wil aftree hoe meer geld gaan jy moet spaar en jy gaan hierdie spaargeld in beleggings moet laat groei en genoeg laat groei om wel te kan aftree.
Jou pensioen van jou werkgewer/s gaan te min wees om jou te onderhou van die dag dat jy aftree tot die dag dat jy sterf want dit sal jou vir deesdae dikwels tot 40 jaar nadat jy afgetree het, moet onderhou.
As jou werkgewers nie vir jou ’n pensioen- of voorsorgfondbydrae afgetrek en by ’n pensioenfondsbestuursfirma investeer het nie, gaan jy nadat jy afgetree of opgehou werk het, moet aansoek doen ‘n staatspensioen. Die geld wat ’n mens kry van ‘n staatspensioen is nog minder as die geld wat jy sal kry in ’n pensioen van jou voormalige werkgewers.
Jy moet ook seker maak dat die geld waarvan jy moet leef tydens jou aftrede nie al opgeraak het, opgebruik is of opraak of opgebruik word terwyl jy nog leef nie. Jy wil nie dat jou geld voor jou doodgaan nie.
Die beleggings wat jy maak met die geld wat jy vir aftrede gespaar het, moet ook genoeg tyd kry om te kan groei. En in die soort beleggings wees waar dit genoeg kan groei.
Jy gaan dus as deel van jou aftreebeplanning  moet planne maak om iewers geld af te knyp om (bykomend tot jou pensioen- of voorsorgfondsbydrae by die werk of uittreeannuïteit) te spaar en te belê.
Hierdie spaardery is nie ’n straf nie. Dit is ’n welsynsdaad wat jy nou al doen vir jou toekomstige self, ’n manier om jou toekomstige self te versorg en liefde aan en simpatie met jou toekomstige self te betoon.

Dit is egter belangrik om doelgerig te spaar en sover moontlik by ’n plan te hou.

Die planne wat in die proses van aftreebeplanning gemaak gaan word, moet prakties wees. Die planne wat gemaak word, moet in ag neem wanneer jy wil aftree, hoe lank jou geld moet hou nadat jy afgetree het, watter uitgawes jy terwyl jy nog vir aftrede kan spaar elke maand het, watter en hoeveel geld elke maand inkom en hoe jy dalk kan sny aan die uitgawes wat jy elke maand het of hoe die geld wat elke maand inkom, meer gemaak kan word sodat jy meer as net die pensioen wat jou werkgewer vir jou bymekaarmaak, kan spaar vir aftrede.
Daar is uitgawes wat jy nie meer sal hoef te betaal sodra jy aftree nie, soos byvoorbeeld vervoerkoste werk toe of die koste om ’n motor in stand te hou waarmee jy werk toe ry. Maar ander uitgawes styg nou weer as jy ’n afgetredene is, want jy is ouer, soos mediese onkoste.
Watter lewensgehalte wil jy geniet as afgetredene?
Wat is jou doelwitte vir aftrede?
Hoe gaan jy by hierdie doelwitte uitkom?
Waar wil ek woon tydens aftrede?
Wat wil ek doen?
Watter drome wil ek najaag?
Hoe wil ek my lewe leef as ’n afgetredene?
Iemand anders moet jou nie in jou aftrede met geld kan boelie nie.